

Wat is die hoofletteruitgawe van die Bybel?

In kort beteken dit dat waar daar in die Ou Testament bepaalde name en voornaamwoorde (soos Dienaar/Hy/Hom) gebruik word en wat dan in die Nuwe Testament op Jesus as Christus van toepassing gemaak word, in die hoofletteruitgawe met hoofletters en nie kleinletters geskryf is. Dit was ook die gebruik in die 1933/1953-vertaling, maar nie in die 1983-vertaling nie.

Behalwe vir die gebruik van die hoofletters in die betrokke tekste, kom die vertaling van die hoofletteruitgawe verder in alle opsigte ooreen met die uitgawe met kleinletters.

Hiermee 'n voorbeeld van Jesaja 42:1, met die gebruik van hoofletters geonderstreep:

1933/1953-vertaling	2020-vertaling Hoofletteruitgawe	2020 vertaling
<p>DAAR is my <u>Kneg</u> wat Ek ondersteun, my <u>Uitverkorene</u> in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op <u>Hom</u> gelê; <u>Hy</u> sal die reg na die nasies uitbring.</p>	<p>^a^bKyk, hier is my <u>Dienskneg</u> wat Ek ondersteun, my <u>Uitverkorene</u> in wie my binneste vreugde vind.</p> <p>Ek het my Gees op <u>Hom</u> laat kom;* <u>Hy</u> sal reg vir die nasies laat deurbreek.</p> <hr/> <p>a 42:1-4 In Matt 12:18-21 word Jes 42:1-4 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus</p> <p>b 42:1 In Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 9:35 word na Jes 42:1 verwys as heenwysing na Jesus Christus.</p>	<p>^a^bKyk, hier is my <u>dienskneg</u> wat Ek ondersteun, my <u>uitverkorene</u> in wie my binneste vreugde vind.</p> <p>Ek het my Gees op <u>hom</u> laat kom; <u>hy</u> sal reg vir die nasies laat deurbreek.</p> <hr/> <p>a 42:1-4 In Matt 12:18-21 word Jes 42:1-4 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus</p> <p>b 42:1 In Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 9:35 word na Jes 42:1 verwys as heenwysing na Jesus Christus.</p>